10 Junie 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK

Matteus 6:9-13 - “Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.”

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

Juf. Kylie Lutman – 17 Junie (Gr. RRK)

Mag u ‘n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

BELANGRIKE DATUMS:

ALGEMEEN

Gr. 4- tot Gr. 7-eksamen

Net so vinnig soos die eksamen begin het, is dit amper weer verby. Twee harde weke van assessering en eksamens is reeds verby en die Gr. 4- tot Gr. 7-leerders het net nog twee vraestelle oor van die Junie-eksamenreeks. Sterkte aan elke leerder met jul voorbereiding vir die laaste twee vakke.

Ons wil u net herinner aan die volgende tye:

Dinsdag, 14 Junie – Skool sluit om 13:30. Leerders gaan soos normaal wissel (Periodes 1 – 8) nadat hulle Lewensvaardigheid (Gr. 4 – Gr. 6 PSW) en Lewensoriëring (Gr. 7) geskryf het.

Dinsdag, 14 Junie tot Vrydag, 24 Junie – Die hele skool keer terug na normale skooltye tot en met die skool vir die vakansie **Vrydag, 24 Junie** sluit –

Die tyd sal bevestig word.

Langnaweek: 16 - 19 Junie

Die skool sluit **Woensdag, 15 Junie om 12:00** vir die langnaweek. **Let wel**: **Donderdag, 16 Junie** is Jeugdag **en Vrydag 17 Junie** is 'n **spesiale skoolvakansiedag.** Daar sal dus Vrydag **GEEN** naskool-/toesigdiens beskikbaar wees nie.

ROODIE-NAWEEK:

Alle klasverteenwoordigers van Gr 1-7, asook enige ander ouer wat graag deel wil wees van die Roodie-naweek, dagboek asseblief die eerste beplanningsvergadering wat plaasvind op **Maandag, 22 Junie** om **18:00** in die skoolsaal. Kom wees deel van dié Roodie fondsinsamelingsprojek waaraan alle Gr. 1 tot 7-leerders gaan deelneem.

Dié Roodie-naweek se avontuur begin hier!

Alle ouers en leerders dagboek asseblief die Roodie-naweek van **12-14 Augustus 2022**. Moenie dit misloop nie!

#Roodie-Naweek #Roodie-Avontuur #Roodie fondsinsameling

WISKUNDE OLIMPIADE

Ons Roodies het skitterend presteer! Die volgende leerders het deurgedring na die Distriksuitdunne:

Gr. 5:
Janco Esterhuizen
Ruben Kleinsmith

Gr. 6:
Caleb van Wijk

Gr. 7:
Mieke Tryhou
Liam Poustie

Welgedaan Roodies! Sterkte vir die volgende ronde!

#TrotseRoodies #DistrikWiskundeOlimpiade #RoodieAkademie

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

SANLAM WOW SPELFEES

Die Gr. 1- tot GR. 3-leerders se Babbelrondte het **Woensdag- en Donderdagmiddag** baie goed afgeloop.

Ons het sulke oulike Roodie maats en ons is trots op elkeen wat deelgeneem het. Dit sit nie in enige ou se broek om dit te doen nie. Hulle was baie braaf en verdien elkeen 'n báie stywe drukkie.

Daar is leerders wat gelykop geëindig het, daarom is daar by Graad 1 en 2 elf maats wat na die tweede uitdun deurdring.

Die Krabbeltoets het saam met die Babbelkompetisie getel vir die somtotaal.

Die leerders wat deurgedring het, in alfabetiese volgorde, is:

Gr. 1-leerders

- Barnard Avah
- Cordier Leandré
- De Beer Paul
- Gee Ethan
- Gerber Charno
- Joubert André
- Musgrove Jayden
- Rossouw Mia
- Swanepoel Loami
- Van Rensburg Pieter
- Wannenburg Lana

Gr. 2-leerders

- Boulleurs Liané
- Botha Karlien
- Cummings Myla
- Geldenhuys Carli
- Grobler Jarred
- Jooste Anton
- Koekemoer Juanrich

- Retief Emma
- Reyerse Christiaan
- Van Geest Kate
- Van Greunen George

Gr. 3-leerders

- Brits Monique
- Butner Lea
- Gee Angela
- Grobler Neil
- Holding Arné
- Marais Leo
- Rademeyer Mia
- Rossouw AW
- Swart Lika
- Van Rensburg Gideon

Al die spellyste, datums ens. kan by "files" in MS Teams se spelfeeskanaal verkry word.
Om 'n spellys te druk, klik regs op die lys. "Download" die lys en druk dit dan uit.

Nogmaals baie geluk en lekker leer vir die volgende ronde!!!.

#RoodieAkademie #RoodieSpelfees

RUGBY

Ons o. 9A- en o. 11A-spanne het **Dinsdag, 7 Junie** by Hoërskool Florida in GLRU se Semi-finale uitdunne gaan speel. Albei spanne het hul baie goed van hul taak gekwyt en elke Roodie-ondersteuner langs die veld baie trots gemaak. Die uitslae was soos volg:

o. 9A - Verloor - 20 - 14
o. 11A - Verloor naelskraap 12 - 5.

Ons is bitter trots op die seuns en hul afrigters wat tot by die Semi-finale ronde deurgedring het.

#RoodieSport #RoodieRugby

Netbal:

Ons wens ons o. 13A-span wat vandag en môre in die JOMO-uitspele speel baie sterkte toe. Dit vind te Crawford Ruimsig plaas. Ons weet hulle gaan hul beste gee en Roodies se naam hoog hou. Hierdie dogters speel 7 wedstryde die naweek en indien hulle onder die top 3 skole eindig, kwalifiseer hulle ook vir die Gauteng kampioenskappe, wat **16 & 17 Junie 2022** plaasvind.
Indien enige toeskouers ons Roodie-span gaan ondersteun is dit belangrik om 'n "event ticket" vooraf te koop. Gebruik hierdie onderstaande skakels om so 'n kaartjie te bekom. GEEN kontant sal by die hekke aanvaar word nie.

Event and payment link for **16 June 2022**:
https://www.locationticket.com/event/event_details/MTkw

Event and payment link for **17 June 2022:**
https://www.locationticket.com/event/event_details/MTkx

#RoodieSport #RoodieNetbal #Eendoelvooroë

LANDLOOP

Op **14 Mei 2022** het Gideon van Rensburg deelgeneem aan liga 2 van die Klub Landloop byeenkoms te Dobsonville Communal Hall. Hy presteer uitstekend en behaal 'n 5de plek vir seuns onder 10.

Op **14 Junie 2022** het 'n paar van Roodies se landloopatlete deelgeneem aan die Klub landloop byeenkoms te Boksburg Stadion.

Hulle uitslae is soos volg:

o. 8-seuns: Alexander Raath - sesde)
o. 8-dogters: Karlien Botha - sesde
o. 9-dogters Lea Butner - twaalfde
o. 10-seuns: Armand Botha - derde
Stephan Raath - twintigste
o. 11- dogters: Cari Butner - twintigste
o. 12-seuns: Liam Albrecht - een en twintigste

Ons is baie trots op hierdie atlete en hulle uitstekende uitslae.

Ons volgende Klub Landloopbyeenkoms vind plaas op **18 Junie 2022** by Chris Hani Sportkompleks.

Sterkte met julle seisoen!!!

Landloopoefening vir Maandag en Dinsdag: 14:00 tot 14:45

#RoodieSport #RoodieLandloop

TENNIS

Die liga begin volgende kwartaal en ons wil graag proewe hou en spanne uitsorteer voor die aanvang van die seisoen.

Proewe sal gehou word in die week van **20 - 23 Junie**.

Die liga bestaan uit o. 11- en 0. 13-spanne.

o. 11 is: Gr. 4 (o. 10) en Gr. 5 (o. 11)

0/13 is: Gr. 6 (o. 12) en Gr. 7 (o. 13)

Leerders wat aan die proewe wil deelneem **MOET** asseblief elke dag by die proewe wees, omdat ons 'n rondomtalie speel en almal teen mekaar moet speel.

Name moet asseblief deur die loop van volgende week (13-15 Junie) by juffrou Diedre opgegee word in K26.

Sien uit na 'n heerlike seisoen.

HOKKIE

Hiermee die reëlings vir die o. 13-dogters en Seniorseuns se oefentye asook hokkieproewe wat op, **Donderdag 23 Junie** plaasvind.

Ons moedig ouers aan om u seun of dogter te stuur om hierdie hokkieseisoen van krag tot krag te neem.

Die leerders wat aan die proewe wil deelneem, moet asb. so gou moontlik hulle name vir die betrokke afrigters gee.

OEFENTYE: (Slegs vir die week)

Maandag, 20 Junie 2022 – 13:45 tot 15:00 (B - veld)
Dinsdag, 21 Junie 2022 – 13:45 tot 15:00 (B - veld)

PROEWE:

Donderdag, 23 Junie 2022 – 14:00 tot 15:00

AFRIGTERS:

o. 13-dogters – Me. Jessica Meyer en Me Isolde Smit

Seniorseuns – Mnr. Chris Jacobs en Mnr. Anré de Beer

Ons sien uit na die hokkieseisoen wat voorlê.

#RoodieSport #RoodieHokkie

PRESTASIE BUITE-SKOOLVERBAND

STOEI

Die volgende Roodie-stoeiers het die naweek van **3 – 5 Junie** aan die Sentraal-Gautengkampioenskappe te Johannesburg gaan deelgeneem.

Sessie 1

0. 9
Logan Barnard - deelname
Wiek de Beer
Marco du Toit - 4de
Reghardt Roos
Conrad Smith
Gideon van Rensburg

Sessie 2

o. 10 - Liam Steynberg

o. 11 - JacHendri Engelbrecht
- Juanro Nel

o. 13 FS - Dewald Engelbrecht
- Reinhardt Roos - deelname

o. 13 GR - Dewald Engelbrecht

o. 7 - Pieter van Rensburg

o. 8 - JJ Potgieter

Baie geluk aan elkeen wat deelgeneem het. Roodies het verseker puik presteer.

#RoodieBuitemuurs #Stoei #Waardegedrewe #TrotseRoodies

AKROBATIESE DANS

Mieke Vorster, Mianke Strydom, Donné Koekemoer en Miellé Theunissen het Saterdag, 28 Mei 2022 deelgeneem aan die Sentraal Gauteng Kampioenskappe vir Akro-Sport.

Mianke en Mieke behaal 'n eerste plek en Donné Koekemoer 'n derde plek.
Al vier dogters verwerf Wesrand kleure in Akro-Sport.
Mianke, Mieke en Miellé gaan deur na die Inter-provinsiale kompetisie wat Saterdag, 11 Junie plaasvind.

Baie geluk julle en baie sterkte!

#RoodieBuitemuurs #AkroSport #Waardegedrewe #DieToekomsIsNou

Groete

HOOF